Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR
INTERVARSITY-UITGAWE

Jaargang XXI No. 7 Prys 3c
DON., 25 MEI 1967




## INTERVARSITY OP COETZENBURG

(Foto: Johan Stander.)



HANS FOURIE

# MATIES GAAN MET GEHEIME WAPEN WEN

## *Ikey-Heelagter 'n Fout*

**DIT is deesdae veel makliker om die uitslag van 'n toetswedstryd waarin die Springbokke speel te voorspel as wat dit nog ooit was om te sê wie die Intervarsity gaan wen.**

**Die Ikeys het tot op datum teen die meeste sterk spanne gespeel en gewen. Die Maties het teen die swakker spanne gewen, en daarbenewens het hul spel 'n insinking getoon ná die reeks van briljante vertonings teen toerspanne aan die begin van die seisoen.**

**● In die lynstane kan André de Wet enige slot in die land uitspring, en met die nodige ondersteuning, iets wat hy vanjaar maar nog min gekry het, kan Stellenbosch hier die botoon voer. In Hennig het die Ikeys egter 'n ervare slot en ook een wat alles van taktiek af weet.**

### Deur Org Potgieter

Soos wat die Maties, en veral hul voorspelers, Saterdag vir Villagers oorrompel het, lyk dinge egter veel meer belowend.

**BESTE PAK**

Onder die voorspelers het Stellenbosch die beste pak. Die Ikeys het 'n gedugte voorry, maar nie een waarvoor ons manne hoef terug te deins nie. Die vaskoptelling behoort nietemin aan die Ikeys te gaan.

Albie de Waal, wat tans seker die beste rugby van sy loopbaan speel, Jan Coetzee en Uys staan kop en skouers uit bo die losvoorspelers van Kaapstad. Robertson kan Holm vir die eerste 20 minute of wat laat bontstaan, maar hy en Le Roux het maar bra pateties vertoon teen die Wallisers.

**● Die Ikeys het myns insiens 'n flater begaan deur vir Coetzee op heelagter te kies. Enige losskakel wat sy sout werd is, sal hom rondjaag dat sy tong uithang. Of Connan dit kan doen, sal ons moet sien.**

**DIE WAPEN**

Saam met H. O. de Villiers is ou veteraan Piet Olivier terug op die senterposisie. Hy was nog altyd 'n puik verdediger, maar staan al oukant toe. Taylor Botha lewer tans nie sy beste vorm nie, en Eben Olivier sal die mees gemerkte man op die veld wees.

Juis daarom is Thys Smith ons grootste geheime wapen, en die groot wenfaktor in die Matiespan. Hy skop fantasties kantlyn toe, en hy weet hoe om in 'n agterlyn te spring — en dan kom daar byna altyd punte en definitief groot moeilikheid. Skoppe sal weer eens 'n baie belangrike rol speel, en ek hou duim vas dat dit Thys se dag sal wees.

Jan Engelbrecht sal ook goed gemerk word, maar as hy genoeg goeie kanse kry, sal hulle hom nie altyd kan keer nie. Ook Faan Brynard speel deesdae uithalerrugby. Ek glo nie McCallum en Enderstein sal altyd weet watter kant om te keer nie.

**SKELM TAKTIEK**

Die mooiste Intervarsity in onlangse jare was seker 1964 op Nuweland, toe Stellenbosch van 8-16 met rustyd teruggeveg het om 22-16 te wen. Almal hoop op 'n mooi wedstryd vanjaar.

**● Dit is egter nie die belangrikste nie, want om te wen is wat tel. Die Ikeys is bekend vir negatiewe wenrugby. Ek kan u waarborg dat hulle hul ou taktiek van die bal in die losskrum toe te val, sal herhaal. Dan sal hulle getrap word, wat die regte ding is teen sulke skelm taktiek.**

Die Ikeys is 'n moeilike spul. Hulle oortref hulself altyd in so 'n botsing. Om te voorspel is om 'n groot kans te vat. Ek meen nietemin die Maties gaan met minstens agt punte wen, en ek weet almal hoop ek is reg!

## ANDER SPORT

**Hokkie:**
Dames I: 10 vm. op Coetzenburg.
Mans I: 11 vm. op Coetzenburg.

**Judo:**
8.30 vm. op Coetzenburg.

**Korfbal:**
10 vm. op Coetzenburg.

**Sokker:**
II om 10.30 vm. op Coetzenburg.
I om 12.00 vm. op Coetzenburg.

## HANS SE WENS:

**Ikeys:** You have your hopes; we have our teams — so we openheartedly welcome you to Coetzenburg this year!

**Maties:** Intervarsity word gewen van die pawiljoen af. Ons kan! Ons moet! Ons wil! Ons gaan!

**Die manne op die veld:** Dit is julle groot dag, daarom is dit ons strewe om julle van die pawiljoen af tot groot hoogtes aan te moedig. Sterkte.

Komaan Maties — „Laat die byle huil! Kom ons maak Intervarsity 1967 onvergeetlik."

## SIEN OOK:


- Foto's van Eerstespanne — Bl. 4
- As die laaste herfsblare val . . . — Bl. 3
- Ons sing en speel — Bl. 2


## INDOENA



## HANNES SPREEK:

**INTERVARSITY — dié dag in die jaar wat ons studentegemeenskap gesamentlik na buite optree. Hoe ons gaan optree sal bepaal hoe lank Intervarsity 1967 onthou sal word.**

**Die gesonde wedywering tussen ons en ons tradisionele vyande, die Ikeys, bied aan alle studente die geleentheid om hulself volkome uit te lewe.**

**Ongeag die uitslag, bied Intervarsity die geleentheid om nuwe vriendskapsbande te smee en bestaandes te verstewig. Laat ons ook Saterdag die mooi sportmansgees en ware kameraadskap wat daar tussen ons twee universiteite bestaan, verder uitbou.**

## Program op Coetzenburg

### A-VELD

**(Alle hekke open om 7.30 vm.)**

| | |
|---|---|
| 10.20 vm.: | Dagbreek vs. 'n Ikey Koshuisspan |
| 11.30 vm.: | Maties IV vs. Ikeys IV |
| 12.45 nm.: | Maties III vs. Ikeys III |
| 2.00 nm.: | Kort tussenprogram |
| 2.10 nm.: | Maties II vs. Ikeys II |
| 3.25 nm.: | Drompoppies en Heildronk |
| 3.50 nm.: | Maties I vs. Ikeys I |

## DIE MATIE STOKSWAAIERS





**Hulle is die manne wat die moegste word. Die twee stokswaaiers wat die Maties gaan oprui, die menigtes op die paviljoen gaan opsweep en die Ikeys met kwinkslae sal koudsit. Hulle berei ons voor vir die klimaks — die eerste vyftiental. Hulle sê: „Maties raak mal! Sing die Ikeys tot anderkant die wind!" Links is Johann Lubbe en regs Dawfred Ferreira.**

# Sing Die Maties Tot Oorwinning!

**DIE sang op die paviljoen is 'n absolute essensiële deel van die Groot Dag in Koning Rugby se lewe. Nie net vir die spelers nie, maar ook vir hulle wat saamsing op die Matiepaviljoen. Ook nie slegs ter wille van die aansporing vir die 15 generaals op die veld nie, maar ook ter wille van die skepping van 'n egte Matiegees langs die veld.**

Deur André Viljoen

Dis meesleurend, meevoerend. Amper indoktrinerend. Dié sang op die paviljoen. 'n Mens voel sommer lus om te speel. Máár: dán moet die sang goed wees. En daarvoor het ons dirigente mos gesorg!

Vir die Matie wat na die sang luister, gee dit bewerasie. Vir die Ikey ook. Op dieselfde plek ook nogal — so al langs die ruggraat af, af langs die broekspype tot in die skoene. Net: die Ikey raak bang, die Matie voel lekker!

Wat sê die spelers self van die sang? Hannes Marais meen dat die Matiepaviljoen definitief dien tot aansporing van die vyftiental. Hulle is deurentyd bewus van die ondersteuning wat van die paviljoen af gegee word. Slegs die wete dat die Maties op die paviljoen hul bes probeer, is alreeds 'n aansporing vir die manne op die veld. „En daardie nou-nou wat soms gehoor word, sowaar," sê Hannes, „dan wil 'n mens net vorentoe."

Eben Olivier meen ook dat veral die krete beslis lei tot groter dade. Op die veld hoor hy nie altyd watter liedjie gesing word nie, maar hy is wel bewus van die sang en die ondersteuning op die paviljoen.

Thys Smith sê dat die sang definitief 'n positiewe uitwerking op die spelers het. As die Maties eers lekker begin sing en veral as hulle met die nou-nou-kreet begin, wil hy sommer vorentoe gaan. „Dis absoluut meevoerend", sê Thys.

Jan Boland praat sommer reguit: „Nee-wat Jong, ek hoor nie altyd alles op die paviljoen nie. Ons speel mos lekker daar voor. Maar 'n Intervarsity sonder sang sal regtig nie goed wees nie. Dit sal nie meer dieselfde wees nie — ook nie op die veld nie. Maar as die Maties op die paviljoen eers begin skree — ai, dit laat 'n man sommer inklim in die spel."

Dus Hans, én die sangers op die Matiepaviljoen, julle bydrae is glad nie gering nie. Julle kán Hannes en sy span aanspoor tot groot rugby. Miskien 'n oorwinning, wie weet!



**PETER KEYWORTH voer Saterdag die Maties se eerste hokkiespan teen die Ikeys aan. Hulle speel om 11.00 vm. op die hokkiebane by Coetzenburg.**

## SOKKER

**KARL HOMAGK lei die Maties Saterdag op die sokkerveld. Die wedstryd begin om 12 nm. op die veld langs die swembad.**



## SPORTWENKE

Org Potgieter van Wilgenhof is onlangs aangestel as **Die Burger** se Sportkorrespondent. Hy sê as enige van die Sportklubs belangrike nuus het kan hulle met hom in aanraking kom.

## GÈ KORSTEN BY AUDIO

**GÈ KORSTEN, is Dinsdag, 30 Mei by AUDIO om die omslae van enige van sy plate wat dan verkoop word te teken. Al sy opnames sal daar beskikbaar wees — ook die heel nuutste met Nellie du Toit.**

**Hierdie twee kunstenaars tree op 31 Mei saam in die Stadsaal op.**



## KAPTEINE DAMESHOKKIE

Verlede jaar het ons gelykop teen 'n sterk Ikeyspan gespeel en hierdie jaar is die kanse goed op 'n oorwinning. Vroeër hierdie seisoen het ons hulle in 'n vriendskaplike wedstryd 3-1 geklop. Elke lid van die span sal haar bes doen en ons verwag dieselfde van die Ikeyspelers.

Die ware Intervarsitygees sal weer eens seëvier en almal sien uit na 'n opwindende wedstryd.

**Judi Twentyman-Jones.**

## NOG 1,500 SITPLEKKE

**Afgesien van die sitplekke op die studentepaviljoen, beskik die Intervarsitykomitee oor nog 'n addisionele 1,500 sitplekke op die betonpaviljoen.**

**Nadat persone wat gereeld hul sangoefeninge bygewoon het, voorkeur geniet het by die toekenning van kaartjies, sal die orige kaartjies pro rata onder al die koshuise verdeel word.**

**Kaartjies wat moontlik mag oorbly, sal Vrydag, 26 Mei in die studenteraadskantoor verkoop word.**

**Alle navrae in verband met die toekenning van kaartjies kan Vrydagoggend, 26 Mei, in die studenteraadskantoor gedoen word.**

**WIE is Rooimond Haas?**

Antwoord elders op dié bladsy.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-drukkery Beperk, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

## INTERVARSITY WEDSTRYD

U kan sportuitrusting ter waarde van R20.00 wen indien u die telling van die hoofwedstryd met Intervarsity korrek voorspel. Die wenner kan sy prys by die bekende Sportuitruster, Wilhelm's in Pleinstraat, gaan uitsoek.

**Bepalings:**

1. U moet die eindtelling van die eerstespanrugbywedstryd met Intervarsity korrek voorspel.
2. Slegs een inskrywing per persoon word toegelaat.
3. Inskrywings mag slegs op die Inskrywingsvorm geskied wat in **Die Matie** gepubliseer word.
4. Indien daar meer as een korrekte inskrywing is, sal die wenner geloot word.
5. Die sluitingsdatum is 26 Mei om 5.00 nm.
6. Voltooide inskrywingsvorms kan slegs by Wilhelm's in die bus wat vir hierdie doel aangebring is, gepos word. Geen inskrywings oor die pos sal aanvaar word nie.
7. Geen briefwisseling sal oor die uitslag van die wedstryd gevoer word nie.

## ANTWOORD

Hy is die Ikeys se tjeerlieder. Dis hy wat die sjampanje nooientjies so vasdruk. Oppas vir hierdie Rooimond Haas. Julle weet nou waar hy sy naam vandaan kry.

## INTERVARSITY WEDSTRYD
### Inskrywingsvorm

**SLUITINGSDATUM: 26 MEI, 5.00 NM.**

Naam: ..............................................

Adres: ..............................................

..............................................

My voorspelling is: Maties .......... Ikeys ..........

**KOOP U SPORTUITRUSTING BY WILHELMS**

## In die stadsaal Saterdagaand om 7.30 nm.

# INTERVARSITYDANS

**Die geheimsinnige „Alpha Set" en die orkes van Eddy Demaio sal die Maties en die Ikeys weer Saterdagaand aan die dans hê.**

**Willem du Plessis sê dis die dans van die jaar. Nie eers Huis Div se „Debutante Bal" sal daar naby kom nie! Willem organiseer die dans.**

**Willem sê as dié mense wil kos hê, moet hulle stiptelik wees. Die etes is in drie sittings en laatkommers is hulle kos kwyt.**

**En onthou tog die dans begin HALFAGT en nie halftien nie.**

# HIER IS DIE ORIGE 45

**TWEEDESPAN**

15 O. Jaekel
19 J. Bester
11 P. Vorster
12 S. de Jongh
14 H. Koornhof
21 A. Skein
9 J. Lochner
1 A. Bester
2 H. Carstens
3 W. Kotze
6 D. van Wyk (kapt.)
4 P. Fourie
5 E. Hoffman
8 L. Steynberg
28 P. le Roux.

**DERDESPAN**

30 C. Antonissen
23 W. Odendaal
17 P. Celliers
29 A. van der Watt
11 A. Jooste
17 A. Herringer
9 A. Bruyns
1 S. Jacobs
2 C. Stimie
3 C. Brand
7 N. Kriel
22 W. Burger
4 C. Zaaiman
26 R. van Reenen
6 B. van der Merwe.

**VIERDESPAN**

30 A. Brink
18 P. Krynauw
23 R. Berry
12 J. van der Merwe
19 B. Potgieter
10 S. Hofmeyr
9 A. Walters
21 A. Norval
2 D. Rossouw
20 S. Barnard
27 F. Bester
25 J. van Greunen
5 F. Steynberg
22 C. Cillie
8 A. Malherbe.

**Intervarsity is die warm styfsit op die pawiljoen wanneer die dou nog wit op die A-veld lê. Karton om die lyf en 'n keppie op die kop.**

# As Die Laaste Herfs-Blare Val . . .

deur GERHARD JORDAAN



EN DROMPOPPIES . . .

AL om die ander jaar, teen die einde van die herfs, steun die bruggie by Coetzenburg onder hulle gewig. As die noordwestewind met sy koue asemtog die laaste bruin blare na die grond laat rondomtalie, loop almal met warm winterjasse dieselfde pad. En as die geel winterson uit die Jonkershoekkloof opstaan, wag hulle al lankal voor Coetzenburg se hekke. **Intervarsity met sy onuitwisbare oomblikke van blydskap en mismoed, van opwinding en sorgeloosheid, het teruggekom.**

En as die son al bokant Bothmaskop staan en begin om die ergste koue weg te jaag, dreun die eerste note



DIRIGENTE . . .

van die Universiteitslied oor die veld. Die voorspel tot die hoofdrama het begin. En dan sing die Maties. En die klomp Bloubontes met die lang hare en die kort rokkies antwoord van anderkant af. Die stembande is stram en dis eers baie later wanneer die lustige singery in volle swang is.

Dis dan wat hy jou pak. Hy gryp jou vas met gespierde arms en albei hande. Spirit. Die gees wat van Intervarsity Intervarsity maak. Die gees wat maak dat jy jouself vergeet. Die gees wat jou laat voel dat jy Matie is en nie EK nie.

Teen vieruur het die son omgedraai en begin die pawiljoen se skaduwee aan die kantlyn raak. Dan weerklink die Universiteitslied uit duisend kele vir oulaas oor Coetzenburg.

Dit is goue oomblikke vir duisende oud-Maties. In daardie paar sekondes herleef hulle weer al die lief en leed van byna-vergete jare.

Die hoofdis is op die tafel en die sang hervat met nuwe geesdrif.

Intervarsity is nie vir my 'n groot oorwinning nie. Intervarsity is vir my 'n koue nag op die stoep voor De Wet's. Kaartspel op 'n koeldrankkassie. Coetzenburg in die môreskemer. Intervarsity is vir my 10 vm. wanneer die hekke **uiteindelik** oopgaan.

En meisies met blink oë en rooi wange.

Intervarsity is die warm styfsit op die pawiljoen wanneer die dou nog wit op die A-veld lê. Karton om die lyf en 'n keppie op die kop. Intervarsity is vyftien Maroentruie wat na die Universiteitslied luister.

En die Pieke wat altyd daar sal wees.

Intervarsity is hoenderpawiljoene op die graswal en 'n koue vleispasteitjie wat met warm koeldrank afgespoel word. 'n Onverwagte vuishou as Eben Olivier deur 'n gaping glip en 'n vrolike vent wat die dirigent wil namaak.

Intervarsity is twee dirigente wat glasies klink en 'n nooientjie in 'n tennisrokkie en drompoppies en 'n blaasorkes.

Intervarsity is die telbord langs die swembad en 'n drie in die hoek. 'n Bal wat oor die dwarslat koeël.

Intervarsity is wanneer die eindfluitjie blaas . . .

## MEJ. SJAMPANJE 1967



(Foto: Johan Stander.)

**RYNA HOUGH is 'n innemende blouoog-nooi van Minerva. Sy is agtien jaar oud, kom van Queenstown en swot vanjaar B.Sc. liggaamlike-opvoeding. Na voltooiing van haar kursus wil sy gaan skoolhou. Op 'n vraag wat sy gaan maak as daai Ikey haar te lank vasdruk, het sy haar skouers opgehaal en gesê sy hoop hy kry gou klaar! Hans is nie 'n probleem nie — sy meisie sit mos op die pawiljoen.**

**Ten slotte het Ryna so 'n woordjie op die hart gehad:**

„Saam met al die ander Maties sal Saterdag vir my ook 'n groot dag wees. Ek wil al die spanne wat speel, sukses toewens. Aan Hannes Marais en sy manne: Ons hou styf duimvas en wéét dat julle gaan wen. Aan die Maties op die pawiljoen: Dit sal die moeite werd wees om ons kele hees te skree. Ons dirigente verdien dit!"

**En so 'n laaste troosprysie aan Hans:**

„Hans, ek hoop die Sjampanje sal meehelp om die gees hoog te hou!!"

(Hans, onthou sy't gesê SJAMPANJE, nét sjampanje. So moenie liberties vat nie! — Sportred.)

## VOORSITTER



**BOBBIE SCHERRER, Voorsitter van die Intervarsity-komitee.**

## BOBBIE AAN DIE WOORD

AS gashere vir hierdie Intervarsity is dit ons voorreg om almal wat hierdie dag saam met ons kom deel, welkom te heet.

Intervarsity beteken nie net dat daar op die veld om 'n oorwinning gewedywer word nie; ook langs die veld word meegeding.

Vir elkeen wat langs die veld sit, is dit 'n genot om te hoor hoe die twee studentegroepe probeer om mekaar „dood" te sing.

Dus, Maties, onthou dat die sang en jolyt langs die veld net so 'n belangrike deel bydra tot die sukses van die dag. Onthou dat hierdie byeenkoms moontlik gemaak is sodat een en almal dit kan geniet. Maar onthou dat die naam van ons Alma Mater op die spel is.

Dus: maak gebruik van die geleentheid om te geniet, máár op so 'n wyse dat ons met eer uit die stryd tree.

## Padaflos

Saterdagoggend om 9-uur spring die atlete wat aan die jaarlikse padaflos-intervarsity deelneem op Nuweland weg.

Daar is vyf spanne wat deelneem. Elke span bestaan weer uit ses atlete.

Die Maties is vasbeslote om verlede jaar se nederlaag te wreek en die eerste atlete word om 12 nm. op Coetzenburg verwag.

## In die Neethlingsaal vanaand om 7.00 nm.

## GROOT BRAG

**Die Groot Brag het deel geword van Intervarsity. Die twee is onafskeidbaar met mekaar verbind. Die doel is tweërlei. Aan die eenkant om die twee universiteite teen mekaar af te speel met kwinkslae, grappe en sang. Baie belangriker is die deelname wat elke Matie en oud-Matie die aand voor die groot botsing deur middel van die radio aan die Intervarsity het.**

**KOM VROEG EN SING UIT VOLLE BORS!**

**Die Groot Brag sal Vrydagaand om 10.00 nm. oor die Afrikaanse diens van Radio Suid-Afrika uitgesaai word.**

